Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Quinten en lugversorgers laat my "koud"

Die redakteur

Ons wil net aan Rustenburg Herald baie dankie sê vir die wyse waarop julle die saak tussen ons en Quinten Bredenkamp (en skynbaar baie ander) oor die debakel met lugversorgingseenhede hanteer het. Ek is seker dat julle baie ander onskuldige mense in die proses beskerm het.

Ek het ook die uitgawe van 4 Junie oor basies dieselfde storie gesien en was hartseer om te hoor hoe groot die bedrae geld geword het. Die beste van als (sic) is dat Quinten skynbaar daarmee weggekom het. Hy het bloot sy lugversorgingseenhede goedkoper gekwoteer en baie mense (soos ons) kon nie wag om 'n 50%-deposito te betaal nie.

Ons was tot onlangs steeds in die mark vir twee lugversorgingseenhede. Quinten het vir ons 'n epos gestuur waar hy verskoning gevra en gesê het hy wil ons terugbetaal. Toe ek hom vra om die twee eenhede wat ons aanvanklik wou hê, te lewer en te installeer en dat ons dan die verskil aan hom sou uitbetaal, het ek natuurlik niks weer van hom gehoor nie.

Ons het ook 'n ander adverteerder geskakel maar sodra ons hoor ons moet 'n deposito betaal, het ons nie verder belanggestel nie. Gelukkig het Jaco van Mbare Trading ons lugversorgers kom installeer. Ons het op 'n Vrydagaand sy nommer in die hande gekry en Maandagoggend 10:00 was hy by ons. Hy is my held!

Ons het die saak teen Quinten Bredenkamp intussen by die polisie gerapporteer maar is nie seker of ons vorder nie. Quinten is weg met my geld maar Jaco het darem diens gelewer, so nou is ek darem nie meer sonder 'n lugversorger nie.

Margaret Hendriks

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie. Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Standpunt

SA het sokkerkoors - of het ons...?

Baie min mense het teen dié tyd nog nie besef dat die hele land en trouens, groot dele van die wêreld, die afgelope week reeds ongekende sokkerkoors het nie. En wie kan ons kwalik neem? Nie alleen is dit die eerste keer dat 'n Afrikaland die wêreld se grootste sportskouspel huisves nie, maar nog nooit voorheen het Suid-Afrika die voorreg gehad om benewens direkte deelname, die fokuspunt te wees van al wat plaaslike en internasionale media-instansie is nie.

En dan moet ons ook sê, al is dit maar nog baie vroeg in die toernooi, Bafana-Bafana het met die openingswedstryd glad nie sleg gedoen nie en sekerlik een van die mooiste doele tot dusver in die toernooi aangeteken. Ons hoop daar kan na Woensdag dieselfde gesê word - ongelukkig was die Herout in daardie stadium reeds in druk.

Dit bly altyd wonderlik om te sien watter ongelooflike "magic" 'n gebeurtenis soos die Wêreldbeker-sokkertoernooi of die Wêreldbeker-rubytoernooi dan, by omtrent enigiemand kan optower. Baie mense wat maande lank voor die toernooi gekerm het dat sokker nie eintlik hulle "game" is nie en liewers oor misdaad of die dreigende ongerief bekommerd was, het intussen die geel sokkerhempies (as dit maar al is...) gekoop en weet na skaars 'n week aansienlik meer van dié spel as wat hulle in hul wildste drome sou kom droom.

Is dit nie fantasties om te sien hoe mense se belangstelling feitlik eensklaps geprikkel is nie en hoe selfs die ou met die grassnyer oorkant die straat of tante met die breiwerk op die stoep wat nog nooit groot sportgeesdriftiges was nie, skielik heeltemal deur die "massahisterie" wil 'n mens amper sê - oorrompel is nie?

Vrydag, 11 Junie, was veral onvergeetlik. Na 'n aanvanklike louwarm-gevoel oor die sokkerverskynsel, is daar nou by baie tradisioneel nie-sokkerkykers, geen keer nie! Sokkerkoors heers oraloor. Ons kinders het sokkerboeke met plakkers en rammel die name van spelers, kapteins en helde in eentonige reëlmaat af. Ons grootmense het sokkerhempies (wat te klein, te groot en beslis te duur, is) en selfs "behoudende" mense soos wyle David altyd gesê het, ry met vlaggies en sokkerkouse aan hul "ewe-behoudende" motors rond. Mense wat die Engelse nou nog nie vergewe het nie, pronk met die mooiste rooi-en-wit ver(f)gesigte, sokkervlae, hoedjies en truie!

Maar een van die pragtigste dinge tot dusver in die toernooi, is die aansteeklikheid van die skynbaar onblusbare geesdrif. Onthou jy Suid-Afrika se geskiedkundige twee oorwinnings in die Wêreldbeker-rugbytoernooie van 1995 en 2007, onthou jy die onvergeetlike, allesoorheersende gees onder al ons mense? Onthou jy dalk hoe Suid-Afrika EEN geword het?

Wel, dit is nou presies dieselfde - maar met 'n "klein" verskilletjie. Iewers in die lug hang dit, die atmosfeer is uitbundig, die gevoel is in jou maag, jou hart, jou kop... Instinktief weet jy - dié Wêreldbeker-sokkertoernooi is 'n ander ding. Dit is iets groots, iets wat jy nie gou gaan vergeet nie en dit is in Suid-Afrika, op ons voorstoep - hier in Rustenburg! Wanneer sal ons dit ooit weer kan sê?

Kom ons gryp dié geleentheid aan. Kom ons vergeet vir 'n oomblik van ons probleme, van oorloë, van hongersnood en rampe. Kom ons leer meer van iets waarvan heelwat van ons dalk glad nie so baie weet dat ons eerlik kan sê dit is nie vir ons nie... Miljoene mense kan onmoontlik tog so ver verkeerd wees?

Kom ons ondersteun ons span of enige ander span van ons keuse dan. Kom ons glimlag en lig die koppe op en sê - "dit is ons land dié - hier maak ons só!" en blaas dan maar jou vuvuzela as jy wil...

(Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

Sal strate skoon gehou word?

Die redakteur,

By die ou Stadsaal se vergadering wat op 8 Mei gehou is, was een van my vrae rakende die "Fifa Fan Fest" wat by Fields gehou word, of die strate skoon gehou sal word.

'n "Hooggeplaasde" Munisipale-amptenaar het ons meegedeel dat daar daagliks vullisverwydering om 12:00 sal plaasvind en dat hulle mense sal hê wat die strate netjies sal hou. Dit klink goed, maar nie een van dié twee beloftes het gebeur nie.

Ek bly regoor die hoof-ingang by Fields, in Bultstraat, wat met leë drankbottels en gemors besaai is, dit lyk soos 'n varkhok.

Waar is jou leë beloftes nou meneer? Op Saterdag 12 Junie het Engelse en Amerikaners ook in Bultstraat parkeer. Ek wonder wat dink hulle van dié gemors! Ons inwoners het reeds ons kant gebring, bring asseblief julle kant soos belowe.

B Burger.

Baie dankie!

Die redakteur,

Baie dankie vir M Potgieter se briefie (Herald 4/6/2010).

Ek bly in die Bo-dorp en sien gereeld honde wat rondloop in die strate, hulle word omgery en dis so hartseer. Oral waar ek kom is daar gratis katjies wat huise soek. Steriliseer asseblief jul honde en katte, want die DBV kry te veel katjies en honde in. Gee asseblief meer om vir jul "Beste Vriende".

Anonieme
Diereliefhebber.

Sê dankie!

Die redakteur,

Ag, ek wil sommer dankie sê namens die hele Rustenburg aan Xstrata Alloys' Rustenburg Plant, vir die wonderlike werk wat hulle gedoen het in 'n klein rukkie se tyd om die ingang van ons dorp so pragtig te maak. Dit laat ons as inwoners sommer trots voel, julle is sowaar staatmakers vir ons dorp. Ek vertrou dat dit sommer so kan bly.

Trudie Kloppers.

Dankie sê!

Die redakteur,

Baie dankie aan almal vir die ondersteuning met die verkoop van ons avo's en dat daar nog mense is wat omgee vir oumense. Ons waardeer dit baie.

S Kruger.

"Danksy Belasting-betalersvereniging kry ek diens"

Die redakteur

Hiermee wil ek net my dank betuig teenoor die Belastingbetalersvereniging in Rustenburg vir puik en betroubare diens.

Ek sukkel reeds sedert einde Oktober 2009 om die krediet van my huis waarvan die finale lesings op 30 Oktober 2009 geneem is, uit die munisipaliteit te kry.

Ek was al by elke beskikbare persoon wat met meterlesings werk en elke keer as ek vol moed teruggaan om navrae te doen oor vordering, moes ek uitvind dat alles verniet was en dat ek weer van voor af moes begin en blykbaar besig was om 'n verlore stryd te stry.

Aan die begin van Mei 2010 het ek uit radeloosheid die Belastingbetalersvereniging gekontak en hulp gevra.

Sedertdien het hulle die hele saak oorgeneem en hanteer. Dit is met trots dat ek kan sê dat voor die einde Mei 2010, het ek, danksy die Belastingbetalersvereniging, die tjek van die munisipaliteit ontvang. Hulle het selfs met my saak by die burgemeester gaan draai.

As dit nie vir die Belastingbetalersvereniging se flinke diens en weeklikse terugvoer oor die stand van sake was nie, was ek sekerlik nou nog aan die verloorkant.

Ek kan met trots getuig van puik diens, gereelde terugvoer en tevredenheid waarvoor ek die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging groot dank verskuldig is. Sonder die "Belastingbetalers" is jy op jou eie!

Gawie Oberholzer

Wat 'n gemors!

Die redakteur,

So 'n gemors soos by die vullisterrein in Kremetartlaan het ek in my lewe nog nooit gesien nie! Dit is nie 'n hopie vullis wat daar lê nie, dit is 'n berg.

Die Munisipaliteit het eenvoudig net opgehou om die vullis daar te kom haal of iets. Ek weet nie wat gebeur het nie, maar dit is nou al weke dat daar geen tuinvullis by die vullisterrein in Kremetartlaan gehaal word nie en die mense hou net aan met vullis aanry.

Dit is regtig 'n berg vullis wat daar bymekaar is en ek wil nie weet watse siektes en dinge daar kan uitbroei nie.

Doen jouself 'n guns en ry daar verby - jy sal nie glo wat jou oë sien nie.

Dit kan mos nie so bly nie - die Munisipaliteit sal iets dringends daar moet doen. Miskien weet hulle nie eers hoe dit daar lyk nie, doen julleself 'n guns en gaan kyk. Iets sal gedoen moet word!

Besorgde inwoner.

Switch on our lights!

The Editor:

Could someone please inform the municipality that it might be a good idea to have street lights at the top of Bethlehem Drive where the World Cup Fan Park is situated? Those lights have not been working for about a year now and during the World Cup there are going to be untold thousands of pedestrians in the area.

I have tried unsuccessfully to get someone at the municipality to do something about it but have had no success thus far.

Concerned citizen.